Posbus/P.O Box 255 Bredasdorp 7280 | Tel: 028 424 1210 | E-pos/E-mail: admin@hsbredasdorp.co.za | Webadres/website: www.hsbredasdorp.co.za

2025-06-27

Geagte Ouer(s) / Voogde

**PERSONEEL**

Mnr Christiaan Engelbrecht, studentonderwyer, verlaat ons vandag. Ons wens hom alle voorspoed toe met sy studies en toekoms. Me Karla van Lill sal vir die res van die jaar as studentonderwyser optree.

**DATE LIST**

A date list for term 2 is attached to this letter.

**SKOOL OPEN / SCHOOL OPENS**

Die skool open op 22 Julie 2025, om 8h00. Ons volg Dag 7 se periodes op die nuwe rooster. / The school opens on 22 July 2025, at 8h00. We follow Day 7's periods on the new timetable.

**OUERAAND / PARENTS' EVENING: 10 APRIL**

'n Oueraand vind op **Donderdag, 24 Julie 2025**, vanaf **17h30** plaas.Ouers moet 10 minute-afsprake om sekere onderwysers te sien, by me Marelise Nelson, by die skool (telnr 028 424 1210), maak. Die onderwysers gaan sekere ouers ook kontak om afsprake te bevestig.

A Parents' Evening will take place on **Thursday, 24 July 2025** from **17h30.** Parents must make appointments with Mrs Marelise Nelson (028 424 1210) to see certain teachers. The teachers will also contact certain parents to confirm appointments.

**MSINGA UITREIK**

Mev Eloïse Nel en me Larissa Lombard het reeds saam met sestien BD's na Msinga vertrek vir die jaarlikse uitreik na die Msinga-gemeenskap in Kwazulu Natal. Ons glo dat dié liefdesdiens-voetspore van die BD's, harte sal aanraak en nood sal verlig. Sterkte aan die hele span.

**AFLAAI VAN LEERDERS / DROPPING OFF OF LEARNERS**

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om **nie soggens hul kinders op die skoolterrein af te laai nie**, tensy dit reën. Dit veroorsaak 'n verkeersknoop wat uiters gevaarlik is, nie net vir personeel wat die terrein moet betree nie, maar ook vir leerders wat die pad oorsteek. Ons maak staat op u samewerking

We urge parents **not to drop off their children on the school premises in the morning**, unless it is raining. This causes a traffic jam that is extremely dangerous, not only for members of staff who have to enter the premises, but also for learners crossing the road. We rely on your cooperation.

**MEDIKASIE VIR SIEKTES / MEDICATION FOR ILLNESS**

Indien u kind in skooltyd siek word en byvoorbeeld maagpyn of hoofpyn het, moet u kind eers by Ontvangs aanmeld. Me Nelson sal u kontak en dan versoek dat u medikasie skool toe bring. U kind neem dan die medikasie by die skool en gaan nie huis toe nie, tensy 'n doktersondersoek vereis word. Ons is bekommerd oor die gereelde afwesigheid van sommige leerders.
If your child becomes ill during school hours and has, for example, a stomach ache or head ache, your child must first report to reception. Ms Nelson will contact you and then request that you bring medication to school. Your child will then take the medication at school and not go home, unless a doctor's appointment is required. We are concerned about the frequent absences of some learners.

## NUWE BUSGARAGE/SPORTSENTRUM / NEW BUS GARAGE/SPORTS CENTRE

Die projek om die nuwe busstoor/sportsentrum op te rig, het reeds afgeskop en die terrein is voorberei, onder leiding van mnr Antonie du Toit van die beheerliggaam. Die oprigting van die stoor sal die volgende fase wees. Ons vra om verskoning vir enige ongerief as gevolg van die verwydering van die aflaaisone. Die nuwe aflaaisone sal gedurende die derde kwartaal gemaak word.

The project to build the new bus garage/sports centre has already started and the site has been prepared, under the leadership of Mr Antonie du Toit of the governing body. The construction of the garage will be the next phase. We apologize for any inconvenience caused by the removal of the drop-off zone. The drop-off zone will be made during the third quarter.

Ons opregte dankie aan die volgende gemeenskapslede vir hul ondersteuning en welwillendheid om van hierdie projek 'n sukses te maak:

Leon Jamneck (BREDASDORP STEENWERKE): Gratis vervoer van die grond na die ontwikkeling
Pieter du Toit: Al die grondwerk onder kosprys
Gideon Albertyn: Skenking van 3 vragmotors varsgesnyde gras (vir die graswalle)
Mnr Christopher van Niekerk & Helderig Koshuiskomitee: Skenking van 3 vragmotors vars gras
Dian Giliomee (OVERBERG MEAT (Pty) Ltd: Skenking van 40 "cube" kompos
Wiaan Theron (NATION MUSHROOMS): Skenking van meer as 3000 steggies suurvytjies vir grondwal rehabilitering

## KULTUURTOEKENNINGSAAND

Sport- en Kultuurtoekenningsaand: Dinsdag, **30 September 2025.**

**Let wel:** Daar is nie 'n Kultuurtoekenningsaand op 28 Augustus nie, aangesien 3 van die Kultuureisteddfods waaraan ons leerders deelneem, eers ná die Revue, m.a.w. later in Augustus, plaasvind.

Sports and Culture Awards Evening: Tuesday, **30 September 2025.**

**Please note:** There is no Culture Awards Evening on 28 August, as three of the Culture Eisteddfods in which our learners participate do not take place until after the Revue, i.e. later in August.

## REVUE

Ons is baie opgewonde oor die revue wat vanjaar weerop **13 en 14 Augustus** plaasvind. Die bykans 35 leerders wat deelneem, oefen reeds vanaf Februarie. Kaartjies sal volgende kwartaal by die skool te koop wees. / We are very excited about the revue that will take place again this year, on 13 and 14 August. The almost 35 learners who will be participating have been practicing since February. Tickets will be on sale at the school next term.

## ATKV-ROMMELOPTELPROJEK: BD's en KAM wys hoe

Altesaam 107 BD's het op 23 Junie hulle moue opgerol en gewys dat hulle nie skrik vir harde werk nie. Hoërskool Bredasdorp se ATKV-Byekorfjeugtak het in samewerking met KAM, 'n rommeloptelprojek geloods. Die leerders het Fletcherstraat doelgerig getakel en met groot ywer begin vullis optel. Gewapen met handskoene, vullissakke en 'n stewige gemeenskapsgees, het hulle die strate skoongemaak van papier, plastiek en ander rommel. Die projek het nie net bygedra tot 'n netjiese woonbuurt nie, maar het ook 'n waardevolle bewustheid onder die leerders geskep oor die belangrikheid van omgewingsbewaring en gemeenskapsdiens.
Ons wil graag ons opregte dank teenoor KAM uitspreek vir hul waardevolle ondersteuning van die projek. Hulle het die leerders van vullissakke en handskoene voorsien en gesorg vir die verwydering van die rommel. Ons wil vir mnr. Johan Nieuwoudt van KAM Wyk 4 bedank vir sy betrokkenheid by dié inisiatief van die projek. Sy ondersteuning word opreg waardeer. Sy betrokkenheid het grootliks bygedra tot die sukses van die projek.

Vele hande maak ligte werk. Saam kan ons 'n verskil maak in ons dorp!

## TOP 10 ACHIEVEMENTS TERM 2

### AKADEMIESE TOP 10 – KWARTAAL 2 2025

**GRAAD 8**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | KRIEL MILA | 90,13 |
| 2 | BRAND JANI | 90,00 |
| 3 | WALTERS CORDIA | 89,63 |
| 4 | VAN WYK JANIKE | 85,25 |
| 5 | VAN COPPENHAGEN KIRSTEN | 84,75 |
| 6 | SEFOOR SKYLA | 84,13 |
| 7 | OPPERMAN LINKA | 83,25 |
| 8 | DE JAGER CLARA | 83,13 |
| 9 | KOOPMAN ZOË | 82,88 |
| 10 | JEPTHAS JOEL | 82,63 |

### AKADEMIESE TOP 10 – KWARTAAL 2 2025

**GRAAD 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | DONALD LEILA | 93,13 |
| 2 | BREDELL LISA | 90,75 |
| 3 | DE WET MARIKE | 90,50 |
| 4 | JANSE VAN RENSBURG LESLIE-ANN | 89,25 |
| 5 | KOTZE CHRISTELIZE | 87,88 |
| 6 | FOURIE DANIËL | 86,75 |
| 7 | OLIVIER JÖAGEN | 85,50 |
| 8 | VAN ZYL MARLI | 85,13 |
| 9 | STANLEY CLARK | 83,50 |
| 10 | VAN STRAATEN AMY | 82,88 |

### AKADEMIESE TOP 10 – KWARTAAL 2 2025

**GRAAD 10**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | WESSELS RÉMY | 88,83 |
| 2 | TERBLANCHE NINA | 88,00 |
| 3 | VAN WYK MALIENKE | 83,67 |
| 4 | NEETHLING ZANI | 80,67 |
| 4 | PRETORIUS HUGO | 80,67 |
| 5 | NEETHLING DIRK | 79,17 |
| 6 | BEHMER CARLA | 74,67 |
| 7 | JOSIAS ALEXIS-CADE | 74,00 |
| 7 | LOCHNER JAN CAREL | 74,00 |
| 8 | DE BEER ABRI | 72,17 |
| 9 | DIEDRICKS GEORGIA | 70,50 |
| 9 | LEONARD ZAYLIN | 70,50 |
| 10 | BRAND NICOLA | 68,00 |

### AKADEMIESE TOP 10 – KWARTAAL 2 2025

**GRAAD 11**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | ROELOFFZE QULES | 79,67 |
| 2 | FICK PHILIP | 79,17 |
| 3 | DARBY MANDE MARI | 77,17 |
| 4 | OPPERMAN HERLYN | 75,67 |
| 5 | BESTER HUGO | 74,17 |
| 6 | NARIANDAS SIMHIKA | 73,83 |
| 7 | MEYER EVAH | 72,33 |
| 8 | NEETHLING EMMA | 71,83 |
| 9 | SYER REUBEN | 71,67 |
| 9 | RAUTENBACH JÉVANLEY | 71,67 |
| 10 | CRONJE KAYLA | 71,50 |
| 10 | WASSERMAN MARIUS | 71,50 |

### AKADEMIESE TOP 10 – KWARTAAL 2 2025

**GRAAD 12**

| | | |
|---|---|---|
| 1 | SAAYMAN MIEKE | 86,33 |
| 2 | PRETORIUS SUZANNE | 85,17 |
| 3 | DANIEL MILAN | 80,50 |
| 4 | KOCH ANÉ | 78,33 |
| 5 | TERBLANCHE MINKE | 78,17 |
| 6 | DU PLESSIS TJ | 78,00 |
| 7 | DOWRIE RORY | 75,83 |
| 8 | STOLTZ LEE-ANN | 74,67 |
| 9 | BARNET REMÉ | 74,50 |
| 10 | JONES DARREN | 72,83 |

## BESIGHEIDSTUDIE OLIMPIADE

Baie geluk aan die volgende gr 11-leerders wat met hul mooi uitslae na Rondte 2 van die Proverto Nasionale Hoërskool Olimpiade deurdring. Ons wens hul sterkte toe met die volgende uitdaging wat op 30 Julie plaasvind.

Shaylinn October: 70%  Kieran Botman: 77%
Sikelela Sesman: 83%  Simhika Nariandas: 97%

## RCL AND MATRIC COUNCIL VISIT TABLE MOUNTAIN

On the 24th of July, the RCL and matric council had an outing to Table Mountain. The learners rode the cable car to the top of the mountain, where they spent time exploring the mountaintop. They enjoyed meeting people from across the globe and once again showed their BD spirit by taking photos for tourist groups. BHS is grateful to the anonymous donor who made the trip possible.

## VAKANSIETOERE / TOERNOOIE / BYEENKOMSTE

1. NETBAL

1.1 Overberg Interdistrik Netbaltoernooi: 15-19 Julie 2025, in Riversdal
Baie sterkte aan die volgende BD-netbalspelers:
o/14: Georgia Salo, Joy Mataga, Nika Terblanche, Jaylin Gertze, Zoë Koopman
o/15: Melissa Saayman
o/16: Zani Neethling, Nontle Xamlayo
o.17: Mia Swart
o/18: Mieke Saayman, Anina Treurnicht

1.2 Western Cape Netball

- We wish the following netball players who will represent Western Cape in the All Ages Netball Tournament in Boksburg from 28 June to 2 July the best of luck:
  Alicia Mukaratirwa u.15 Oaks team, vice-captain of the team
  LIndzé Diedericks u.15 Oaks team
  Junicke Newman u.18 Willow team

- Me Aliesha Odendaal is aangewys as die o.18 Wes-Kaap Cedars-afrigter tydens die TNC Nasionale Netbalkampioenskappe by HS DF Malan, vanaf 7-11 Julie. Mag sy elke oomblik geniet en nog meer kennis opdoen.

2. RUGBY

**SUPERSPAR BREDASDORP** O/15 & O/16 Rugbytoernooi:
Die o.15 & o.16-rugbyspanne speel op Woensdag, 16 Julie en op Vrydag, 18 Julie, by die skool, teen die volgende besoekende skole: Hoërskole Vredendal en Piketberg, asook Gansbaai Akademia. Wedstryde begin die Woensdag om 13h00 en die Vrydag om 9h30.

Gansbaai Akademia speel op 16 Julie op ons velde teen 'n WP LSEN-skolespan.
Die **OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT** o/19A-span speel op Vrydag, 18 Julie, teen Hoërskool Piketberg.

3. HOKKIE

3.1 Me Sanna Prins is aangestel as assistentafrigter van die Boland o.14A-meisieshokkiespan by die Nasionale Hokkiekampioenskappe wat vanaf 3-7 Julie, by Jeppe School for girls in Johannesburg, plaasvind. Mag hierdie toernooi nie net haar ervaring uitbrei nie, maar ook 'n genotvolle tyd wees.

3.2 Beste wense aan die volgende hokkiespelers wat gedurende die vakansie in streekspanne speel:
Brent Sinani - Boland Seuns o.18C – Paarl Gimnasium, 6-9 Julie
Caleb Witbooi - Boland Seuns o.16C – Hoërskool Outenique, 29 Junie-2 Julie
Georgia Salo - Boland Dogters o.14B – Paarl Gimnasium, 2-5 Julie

## SPORTUITSLAE

1. NETBAL
Hoërskool Bredasdorp het op Saterdag, 21 Junie, die Kay Motsepe o/15 Wes-Kaap Skole Netbalkampioenskappe aangebied. Die top netbalspanne van regoor die Wes-Kaap het hieraan deelgeneem .
Dankie aan die BD-personeel en leerders asook mnr Antonie du Toit (BL) en ons terreinwerkers wat ingespring en met hul harde werk van die toernooi reusesukses gemaak het. Al die besoekers was vol komplimente vir ons terrein en organisering. Dit was ook n goeie finansiële inspuiting vir ons dorp.

   Baie geluk aan Hoërskool Stellenberg en Hoërskool Parel Vallei wat gekwalifiseer het vir die Nasionale Kampioenskappe in Boksburg.

2. RUGBY
**ARNISTON SPA HOTEL** o.15A-span vs Windoek Afrikaanse Privaatskool: HSB wen 19-14
Drieë: Janeco Mars, Lee-Hayvin Oerson, Blake Edwards
Doelskoppe: Edmund O'Ehley (2)

3. LANDLOOP
Uitslae van Saterdag, 21 Junie, by Laerskool Overberg:
So/14 Caiden Vyver 6de
So/17 Shawon Jonas 1ste

4. GEVEGSKUNS
Ons is met reg trots op twee BD's van die Bredasdorp Zensukai Mixed Martial Arts Academy wat onlangs as lede van die Wes-Kaap Span in Gauteng hulle gevegskunstalent kon uitleef.

   Javen Hansen (gr 11) en Tiaan Scheepers (gr 10) het op Saterdag, 14 en Sondag, 15 Junie, vir Wes-Kaap aan die MASA Nasionale Kampioenskappe in Pretoria deelgeneem en uitstekende uitslae behaal. Meer as 500 deelnemers van 23 verskillende klubs het meegeding.

   Baie geluk met die volgende uitstekende uitslae:

| | | |
|---|---|---|
| Javen Hansen: | 1ste Kata | 16-17 jarige Seuns Swart belt afdeling |
| | 3de Kumite | 16-17 jarige Seuns Swart belt afdeling |
| Tiaan Scheepers: | 4de Kata | 13-15 jarige Seuns Swart belt afdeling |
| | 2de Kumite | 13-15 jarige Seuns Swart belt afdeling |

   Vir beide hierdie jong sportmanne was dit 'n belewenis om op nasionale vlak teen die bestes in Suid-Afrika te kon deelneem. Baie geluk, dis 'n besondere prestasie om medaljes op hierdie vlak te wen.

5. HENGEL
Ons is baie trots op Hugo Bester, gr 11, wat gekies is om vanaf 9-12 Julie vir Westelike Provinsie aan die "Bottom Fish Inter Provincial" hengelkompetisie in Kleinbaai deel te neem. Baie sterkte, Hugo!

Ons wens almal 'n geseënde vakansie toe. Mag die BD's uitgerus en gereed terugkeer vir 'n besige derde kwartaal. / We wish everyone a blessed holiday. May the BDs return rested and ready for a busy third term.

Die uwe

MNR G M RETIEF
SKOOLHOOF